UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Departement Biblioteekdienste

OPVOEDKUNDE BIBLIOTEEK

Kits-Gids tot Verwysingstegnieke

(Verkorte Harvard Metode)

Opvoedkundige Sielkunde: Gebruik asb. die APA styl.

Kopiereg en Plagiaat

Enige dokument wat inligting uit ander dokumente of inligtingsbronne bevat, of enige vermelding daarvan maak, moet erkenning gee aan daardie bronne en 'n volledige beskrywing van die betrokke bronne gee.

Kopiereg: "Uitsluitende reg van 'n skrywer of uitgewer om sy werk te laat druk" (HAT 2000).

Plagiaat: "Die oorneem van gedagtes, argumente, ens., uit 'n ander skrywer se werk en dit as jou eie laat deurgaan" (HAT 2000).

Weergawe Feb 2012

Verwysing van bronne binne die teks/werkstuk:

"Bronverwysings word gedoen deur 'n verwysing tussen hakies in die teks te plaas, op die presiese plek waar die geleende inligting voorkom Hierdie inligting word aangevul deur 'n lys van bronne aan die einde van die werk" (Lourens 2004:91). Die lys van bronne wor d'n bibliografie genoem.

Saamstel van 'n bibliografie:

'n Bibliografie is 'n lys van publikasies en ander inligtingsbronne waarna daar in die teks/werkstuk verwys is. Die lys moet **alfabeties** georden word volgens die eerste komponent van die beskrywing (byvoorbeeld die outeur).

1. BOEKE:

Die volgende besonderhede m.b.t. 'n boek moet in die lys van verwysings aangedui word, en wel in die volgende volgorde:

- **Outeur(s)** (van en voorletters, geskei deur 'n komma)
- **Publikasiejaar**
- **Titel** (in skuinsdruk, vetdruk of onderstreep)
- **Uitgawe** (behalwe die eerste)
- **Plek van publikasie**
- **Uitgewer**

Verduideliking	Teks verwysing	Saamstel van 'n bibliografie
Een outeur	Daarteenoor beweer Rautenbach (2005:68) dat ….	Rautenbach, W. 2005. *Pelgrimsrus*. Pretoria: Lapa.
Twee outeurs	(Davies & Brant 2006:434)	Davies, P. & Brant, J. 2006. *Business, economics and enterprise: teaching school subjects 11-19.* London: Routledge.
Drie of meer outeurs	(Botha *et al.* 2005:694)	Botha, T. *et al.* 2005. *Kagiso senior sekondêre lewenswetenskappe: graad 10, leerdersboek.* Kaapstad: Kagiso Education.
Redakteur	(Keywords in… 1992:465)	*Keywords in evolutionary biology.* Edited by E.F. Keller. 1992. Harvard: University Press.
Outeurs en 'n redakteur	(Meier & Juenke 2005:713)	Meier, K.J. & Juenke, E.G. 2005. Electoral structure and the quality of representation on school boards. In *Besieged: school boards and the future of education politics.* Edited by W.G. Howell. 2nd ed. Washington: Brookings Institution Press, pp.199-227.
Woordeboek	(Merriam-Webster's… 1993:486)	*Merriam-Webster's collegiate dictionary*. 10 th ed. 1993. Springfield, Massachusetts: Merriam-Webster.
Tesis	(Krugel 2002:973)	Krugel, E. 2002. *Die verwerwing van skryfvaardighede in graad 1 in 'n tradisioneel swart skool.* MEd tesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Verduideliking	Teksverwysing	Saamstel van 'n bibliografie
Staatspublikasies	(South Africa 2002:35)	South Africa. Department of Education. 2002. *Curriculum 2005 assessment guidelines for inclusion*. Pretoria: The Department of Education.
Vertalings	(Mayr 1992:587)	Mayr, H. 1992. *A guide to fossils*. Vertaal deur D. Dineley & G. Windsor. Princeton: University Press.

2. ARTIKELS AANGEHAAL UIT ENSIKLOPEDIEË

Die volgende besonderhede m.b.t. 'n artikel uit 'n ensiklopedie moet in die lys van verwysings aangedui word en wel in die volgende volgorde:

- **Outeur(s)** (van en voorletters, geskei deur 'n komma)
- **Publikasiejaar**
- **Titel van die artikel**
- **Naam van die Ensiklopedie** (in skuinsdruk, vetdruk of onderstreep)
- **Uitgawe** (behalwe die eerste)
- **Volume**
- **Bladsy(e)** waarop die artikel verskyn.

Teks verwysing	Saamstel van 'n bibliografie
(Varley & Immelman 1972:618)	Varley, D.H. & Immelman, R.F.M. 1972. Libraries. *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, vol.6, pp.618-619.

3. TYDSKRIFARTIKELS:

Die volgende besonderhede m.b.t. 'n tydskrifartikel, moet in die lys van verwysings aangedui word, en wel in die volgende volgorde:

- **Outeur(s)** (van en voorletters, geskei deur 'n komma)
- **Publikasiejaar**
- **Titel van die artikel**
- **Titel van tydskrif** (in skuinsdruk, vetdruk of onderstreep; dit mag afgekort word in ooreenstemming met die ISO-standaard ISO4)
- **Maand/seisoen, datum**
- **Volume**
- **Nommer**
- **Bladsy(e)** (waarop die artikel verskyn)

Verduideliking	Teksverwysing	Saamstel van 'n bibliografie
Elektronies	(Alexander 2004:212)	Alexander, P.M. 2004. Diversity at a dual-medium university: factors affecting first-year students' attitudes. *Online,* vol.18, no.1, pp.202-220. [Besoek 19 Junie 2005].
Papierkopie	(Van Meter & Garner 2005:288)	Van Meter, P. & Garner, J. 2005. The promise and practice of learner-generated drawing: literature review and synthesis. *Educational Psychology Review*, vol.17, no.4, pp.285-325.

4. KOERANTARTIKELS:

Besonderhede van koerantartikels moet in die volgende volgorde aangedui word:

- **Outeur(s)/opskrif van die verslag**
- **Jaar**
- **Titel van die artikel**
- **Titel van die koerant** (in skuinsdruk, vetdruk of onderstreep)
- **Publikasiedatum**
- **Bladsy(e)**

	Teks verwysing	Saamstel van 'n bibliografie
Elektronies	(Botha 2006:5)	Botha, E. 2006. East London bookstore found selling free government exam pads. *Online,* 14 February, p.5. [Besoek 28 Februarie 2006].
Papierkopie	(Viljoen 2006:14)	Viljoen, B. 2006. R12.9 miljard om M'langa aan rol te hou: onderwys, gesondheid kry grootste dele. *Beeld,* 23 Februarie, p.14.

5. WORLD WIDE WEB ADRESSE:

Teks verwysing	Saamstel van 'n bibliografie
(Brewer 2002)	Brewer, C. 2001. *Zoom in on your customers.* [Online]. Available: http://www.computeruser.com/articles [Besoek 11 Mei 2001].

6. ELEKTRONIESE POS:

Teks verwysing	Saamstel van 'n bibliografie
(Thomson 1999)	Thomson, Barry. *"Virtual Reality."* Persoonlike e-pos (25 Januarie 1999).

Bibliografie:

Lourens, A, 2004. *Wetenskaplike skryfvaardighede*. Stellenbosch: Sun Press.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your Master's & Doctoral studies: a South African guide and resource book.* Goodwood: Van Schaik.

Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2000. Midrand: Perskor Uitgewers.

Vir verdere inligting, besoek ons webblad by:
http://www.ais.up.ac.za/referencing/index.htm